

S L O T: O P S O M M I N G--

Hoofstuk I - VIII.

I.

Die christelike godsdiens het sy Protos-
tantse inslag in Suidelike Afrika gekry met die koms
van Jan van Riebeeck in 1652 toe met die volksplanting.
In nuwe nasie die verantwoordelikheid opgedra is om die
"gereformeerde religie," die ovangeligie, aan die "krea-
ture" van dié wêrelddeel te verkondig. Die Afrikaanse
kerk as draer van daardie Verbondsgedagte het dan ook
saam met die Afrikaanse volk stadig noordwaarts beweeg
en in die uitvoering van sy taak geen grense wat deur
mense bepaal mag word, orken nie.

In hierdie noordwaartse volksbeweging het
die Kerk ook somtyds die voorhoede van die volk gevorm
- soos in sy sendingswerk in Masjonaaland, Barotsieland,
Niassaland in die Soedan; in ander gevalle was hy weer
die agterhoede van die Afrikanerpioniers in die nuwe
gebiede wat deur laasgenoemde binnegetrek en vir die
blanke boskawing beveilig is.

Dit was veral die geval in die Sambesie-
gebied - oertydse koninkryk van Monomotapa waarheen
reeds die burgers van Van Riebeeck voornemens was om
hul reis te onderneem. Ruim 250 jaar later, teen die
einde van die neëntiende eeu is die landstreek deur
die blankes op groot skaal binnegetrek. Aanvanklik was
dit meestal Afrikaanse Voortrekkers, krygsmanne en jage-
ters wat die gebied deurkruis het, maar in 1890 het die
Engelse volk vir die eerste keer, na bestuur van byna
100 jaar in suidelike Afrika, die inisiatief vir 'n
selfstandige, positiewe aandeel aan die ontwikkeling
van die land op hulle geneem toe Cecil Rhodes in die
teenswoordige Suid- en Noord-Rhodesië, deur middel van
'n otkrooi aan die B.S.A. Company verleen, blanke neder-
setting moontlik gemaak en bespoedig het.

Die Afrikanerbevolking wat deur Rhodes genader is om met die ontwikkeling saam te werk, het met die Pionierkolonne opgetrek om op 12 September 1890 te Salisbury die gebied offisieel te okkupeer. Daarna het tal van hul volksgenote, meestal in georganiseerde trekke, die Limpoporivier oorgesteek om eers Masjonaland en later Matabeleland te ontgin - almal was onder die indruk dat die gebied slegs 'n uitbreiding is van die Kaapkolonie waaruit die besetting geloods is.

Daarom dan ook het die Kaapse Sinode enkele weke nadat die Britse vlag te Salisbury in 1890 gehys is, die eerste twee afgevaardigdes, di. Hofmeyr en Stegmann, gestuur om oor die geestelike belange van die "Hollandse" bevolkingsdeel daar verslag uit te bring. Dit was egter eers vyf jaar later, in September 1895, nadat die tweede en eintlike leraar, ds. P. Nel, genoodsaak was om terug te keer, dat die N.G.Kerk sy grondvorm in Rhodesië aangeneem het, toe die eerste gemeentes deur ds. P.A. Strasheim gestig is. Hierdie agterstand van die N.G.Kerk teenoor die ander kerkgroepe wat teen daardie tyd al gevestig was in die land, is gedeeltelik ingehaal deur die sendeling-onderwysers wat in drie van die gemeentes tot na die Tweede Vryheidsoorlog as onderwyser en "leraars" opgetree het. Eers vanaf 1904 het N.G.predikante die geestelike belange van die Afrikaners in die land probeer ko-ordineer tot dat in 1919 die gemeentes van Rhodesië in 'n aparte Ring - Bulawayo - gekonstitueer is.

Om die gedurige geldelik tekorte en armoele die hoof te bied, het die King die inlywing van die Rhodesiese gemeentes by die N.G.Kerk van Oranje-Vrystaat voorgestel, en toe dit eindelik deur die Sinodes van die Kaap en die Vrystaat in 1928-1929, bekragtig is, en byna £18,000 aan die gemeentes deur die Vrystaat geskenk is om hulle van die drukkendste skuld te verlos, het 'n periode van besliste voorspoed en selfstandigheid vir die N.G.Kerk in Rhodesië aangebreek.

II.

Aan die vooraand van hierdie nuwe stadium kom die N.G.Kerk egter te staan voor die feit dat die onderwys van die Afrikaanse kind in Rhodesië 'n proses van vervreemding van Kerk en Volk in die hand werk en nog altyd gewerk het, sodat beide kerk en volk op die voorposte van die nasie verswak, in plaas van versterk is.

In dié verband wil die kerk eerstens toegee dat dit geen maklike taak vir 'n owerheid is om in 'n pioniersland al dadelik alle onderwysgeriewe vir al die kinders te verskaf nie, en wil hy gewag maak van die pogings wat deur die staat aangewend is om alles in sy vermoë te doen om die onderwys in Rhodesië op gelyke voet met dié in ander lande van die wêreld te bring, en te moderniseer. Maar in die tweede plek moet die kerk die onbevredigende toestand wyl juis aan die onwetenskaplike optrede van die owerheid om daardie stelsel nie net te moderniseer nie, maar in belang van die liberalisties-imperialistiese staat te monopoliseer, sonder om die belang wat die Afrikaanse ouer en die N.G. Kerk by die onderwys het, in aanmerking te neem.

Binne 'n dekade na die besetting van die land is die onderwysbedrywigheide van die verskillende kerke deur die staat geko-ordineer in die eerste ordonnansie waardeur staatsondersteuning aan die "kerk-skole" op 'n behoorlike basis geskied het. Daarna het 'n tweede ordonnansie na die Vryheidsoorlog gevolg waarin staatsbeheer oor sekere skole ingestel is, en die vir die Afrikaanse kerk so onbeillike bepaling vasgelê is, dat Engels die enigste medium vir die onderwys in die land moet wees.

Hierdie wetgewing is na die Onderwyskommissieverslag van 1908, waardeur volle staatsbeheer, altans oor die laerskool aanvaar is, weer bekragtig. Daarna het die staat sy mag stelselmatig oor die skole uitgebrei totdat nie alleen volle beheer op opvoedkun-

dige terrein oor laer en middelbare onderwys verkry is nie, maar ook, die matrikulasie-eksamen uitgesonderd, algehele onafhanklikheid van die Kaapkolonie en van die Unie van Suid-Afrika. Hierdie isolaseerdrang van die nuwe Kolonie, wat deur die Onderwyskommissie van 1929, (die Tate-verslag), veroordeel is, is in 1936 deur die Fox-verslag verder aangemoedig toe aanbeveel is dat die hele onderwysstelsel gemoderniseer moes word om aan te pas by die Britse stelsel en dat ook die matrikulasie-band met die Unie van Suid-Afrika afgeskaf moes word en 'n oorsese skoolleindeksamen ingestel moes word.

In hierdie nuwe onderwysbeleid wat deur die Eerste Minister van die land geloods is, is dan ook wel getrag om deur middel van gedifferensieerde kursusse 'n "tipe" onderwys te verskaf wat die breë lae van die volk sou bevredig. Dit was egter spoedig duidelik dat die personeel en ondervinding ontbreek het om van die nuwe beleid op alle gebiede 'n sukses te maak en na 'n periode van tien jaar waarin geëksperimenteer is, kon met meer beslistheid deur 'n nuwe Onderwyskommissie bepaal word langs watter lyne die toekomstige onderwysstelsel moet ontwikkel. Dit veronderstel onder meer 'n verpligte onderwys tot by 16, 'n "oorgangperiode" na die laerskool, std. V (en later VI) voordat bepaal word of die kind die akademiese, moderne, dan wel tegniese kursus in die middelbare skool sal volg, 'n nasertifikaatse studie van een of twee jaar ter voorbereiding vir die universiteit, en verder die modernste ontwikkelinge op die gebied van die onderwys. Wat die stelsel self betref, kan die regering daarop aanspraak maak dat hy deur milde skenkings enersyds en 'n sentraliseerbeleid andersyds daartoe in staat gestel, in heelwat opsigte in 'n gunstige posisie is en vir ander lande selfs tot voorbeeld kan dien.

III.

Wat die N.G.Kerk egter betref, sou die

stelsel ook, behalwe in sy humanisties-naturalistiese omvang, aanvaarbaar gewees het, as dit maar met die Afrikaanse kind en die Afrikaanse volksdeel in die land rekening wou hou, en as die rol wat die Afrikaner in die land gespeel het, erkenning in die onderwyswetgewing sou geniet het.

Net soos die ander kerke het ook die N.G. Kerk in daardie pioniersjare geprobeer om onderwys aan die opgroeiende kind te bring. Dit het met veel opoffering gepaard gegaan, veral as in aanmerking geneem is dat die Afrikaanssprekendes op die platteland gevestig was, waar hulle verstoke was van die onderwysgeriewe van die stede of van ander kerkgroepe. In die Gazaland en Charterdistrikte veral was die N.G. Kerk die enigste kerk wat aanvanklik skole gestig het. Na die tweede ordonnansie in 1903 het buiteskole deur die Kerk opgerig, vinnig vermeerder, maar toe die staatskole begin is, het dit al spoedig geblyk dat die "kerkskole" nie alleen uit 'n behoefte ontspring het nie, maar ook as pretes teen 'n beleid wat daarop gemik was om deur 'n angliseerproses, die Afrikaanse kind van sy Kerk en Volk te vervreem. Die onderwysbeleid van die owerheid wat in alle opsigte met die van die Milnerbeleid ooreengekom het, het daartoe gelei dat die staatskole teen 1908 die kerkskole vervang het, en dat die N.G. Kerk geen onderwysinrigtings gehad het waarin die gees vir die geloofsbelydenis van die kerk bevorderlik was nie.

VI.

Vanaf 1906 het herhaaldelik deputasies na die onderwysowerhede gegaan om die onbevredigende toestande ten opsigte van die onderwys van die Afrikaanse kind onder hulle aandag te bring. Die afvaardigings het byna sonder uitsondering op mislukkinge uitgeloop.

Na 1912 was die toestand vir die kerk haas onhoudbaar. 'n Deputasie met 'n versoekskrif geteken

by die administrateur gemaak om te vra dat die "Hollandse" taal tot sy reg sou kom in die skole, dat ouers en skoolkommissies meer seggenskap in skoolsake sou hê, en dat die alleenheersende Direkteur van Onderwys nie soveel mag in die Onderwysdepartement sou besit nie.

Nadat ook dié deputasie overrigtersake moes terugkeer, het die leraars 'n kragtige poging aangewend om 'n fonds te stig om met christelik-nasionale skole in Rhodesië te begin.

Veral danksy die ondersteuning van die Helpmekaar-vereniging in die provinsies van die Unie, sowel as van die Algemene Armsorg het die Rhodesiese C.N.O.-kommissie daarin geslaag om op verskeie plekke in Rhodesië C.N.O.-skole op te rig.

Hierdie skole wat ewe as die C.N.O.-skole in die Transvaal en Vrystaat in moeilike omstandighede moes bestaan, kon die stryd nie volhou nie, en teen 1922 moes hulle kapituleer, nadat met die Departement ooreengekom is dat die onderwysers in die staatskole opgeneem is, dat Afrikaans in plek in die leerplan sou kry, en rekening gehou sou word met die behoeftes van Afrikaanse kinders wat nie Engels ken nie. Vir hulle kon Afrikaans in die laerskole gebruik word indien die onderwyser die taal magtig was, totdat die kind ook in staat was om hom in Engels te help, waarna dié taal weer die enigste medium was, en Afrikaans uit die laerskole verdwyn het.

V.

Die twee dekades na die C.N.O.-beweging het onder meer aan die lig gebring hoedat die N.G.Kerk geywer het om Afrikaans as 'n vak in die middelbare skool op 'n gelyke voet met Frans te stel, en behoorlike voorsiening vir die inspeksie van die vak gemaak is. Daar is nog gebreke in die inspeksie-stelsel in soverre as wat dit deur 'n "vreemdeling" uit die Unie gedoen moet word, die aantal studiejare (4) te min is, en die eindeksamen nie voorsiening maak vir Afrikaans-

sprekende kinders wat 'n beter "beheer" van die taal het as die Engelse kind nie. Tog voel die N.G.Kerk dat die onderrig van Afrikaans in die akademiese middelbare skool op 'n basis geplaas is vanwaar die verdere ontwikkeling met 'n groot mate van veiligheid in die hande van die onderwysers gelaat kan word.

Maar dit is veral die onderwys van die Afrikaanse kind in die laerskool wat sorgwekkend gebly het, sowel as die "moderne" kursus waarheen die kinders wat nie akademiese "prestasies" behaal het nie, vir hul middelbare opleiding moes gaan. In dié verband het deputasies van Ringsweë sowel as van die kant van Afrikaanse verenigings die owerheid daarop attent gemaak dat 'n verkeerde onderwysstelsel in die laerskool vertraging in die middelbare stadium veroorsaak, en dat aangesien onderwys deur middel van 'n vreemde medium die vernaamste oorsaak van vertraging was, dit die Afrikaanse kind was wat gely het en verstoek was van die voorreg van 'n akademiese opleiding. Dit het veroorsaak dat 'n baie kleiner persentasie Afrikaanse kinders hul middelbare kursus voltooi of na 'n universiteit gaan, sodat die volksontwikkeling daaronder moet ly, en dit ook skadelik vir die hele land is.

VI.

Die hele moderne onderwysstelsel hoe goed dit ook al mag wees, het dus vir die N.G.Kerk onaanneemlik geword, en wel omdat die Afrikaanse kind daar geen plek in kry nie, en mens wel wil voorkom of die skool nie vir die kind bestaan nie, maar die kind vir die skool en vir 'n onderwysstelsel wat hom ten doel stel om die imperialistiese strewes van die staat te bespoedig.

So'n beleid bots teen die hele geloofsbelijdenis van die Afrikaanse kerk, teen die ordonnansies van God waarop daardie geloofsbelijdenis gefundeer is, teen die hele geskiedenis van die Afrikaanse volk in

skaplike, opvoedkundige praktyk en eindelik teen die staatsontwikkeling self.

Dit bots in die eerste plaas teen die Calvinistiese geloofsbelydenis van die N.G.Kerk, wat bepaal dat die skole nóg aan die staat nóg aan die kerk behoort, maar wel aan die maatskappy deur die ouer, en dat die staat slegs kan optree in loco parentis oor onderwysinrigtings, waarvan die gees deur die kerk as draer van daardie ouer se geloofsbelydenis bepaal of goedgekeur is. Dit botsings wat vanaf die begin van die huidige eeu tussen die Kerk en die staat met betrekking tot die onderwys plaasgevind het, lewer dan wel ook bewys van die kloof wat daar gaap tussen die lewenshouding van die staat en van die Kerk. Vir die N.G.Kerk is die skool en die staat produk van die algemene genade van God, elk waarvan alleen gesonde vrugte kon afwerp, elke werkverrigting, elke doelstelling, elke onderneming gesien word in die lig van en gereduseer word tot die Bron van daardie Algemene Grasia, God self. Nóg die staat nóg die skool, maatskappy nóg kind is die maatstaf van die opvoeding, en 'n doel op sigself, maar alleen God. Die waarheid: "In Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en on sienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte - alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. ¹⁾ En Hy is voor alle dinge en in Hom hou alle dinge stand," wil die N.G.Kerk nie alleen in woord nie maar ook in daad bely en uitgevoer sien.

Waar dit nie gebeur nie, moet die ordonansie van God plek maak vir die diplomatieke stelsel wat in Rhodesië die liberale stelsel van 'n imperialistiese staat is wat buite homself geen mag erken en aan geen ander instelling mag wil afstaan nie. Dit lei in die geval van die Afrikaanse volksdeel tot 'n verdreemde opvatting van die rol wat die Afrikaner in Rhodesië gespeel het, en 'n veronagsaming van die geskiedenisfeite, veral vir so ver die owerheid Rhodesië as 'n Britse en

nie as 'n Suid-Afrikaanse kolonie nie wil beskou. In hierdie imperiale strewe vind daar dan 'n verengelsingsskied plaas wat nie alleen goedgekeur word deur die staat nie, maar waarvoor ook die skool gebruik word, in die waan dat 'n Afrikaner wat sy eie taal, volk en kerk verlaat, van meer nut vir die staat sal wees as 'n Afrikaner wat homself wil bly. En dit in weerwil van die feit dat Afrikaners, en geleerdes van oor die hele wêreld keer op keer aangetoon het dat 'n individu, van sy nasie losgeruk, geen "wortels" het om in 'n nuwe gemeenskap ingeplant te word nie. Dit sou in ieder geval onwenslik in Rhodesië wees aangesien daar net twee eeue-oue volksgroepe is wat langs mekaar te staan kom, en geen nuwe ras of nasie, geen tipiese nasionale "homo Rhodesiensis" kan gebore word nie, en geen van die twee groepe daarvoor te vind sal wees nie.

Daarom keur die N.G.Kerk dan ook elke poging van die staat ten sterkste af waar daar op maatskaplike gebied, teen die Afrikaner gediskrimineer word, omdat ook daardeur die staat homself skaad.

Daarom ook moet die kerk protesteer teen die liberalisties-imperialistiese staat wat in die moderne humanisties-naturalistiese opvoedingsbeweging nie alleen die "summum bonum" van die opvoeding sien nie, maar aan daardie beweging stellinge wil toeskryf wat gladnie veronderstel word nie, soos die onderwys van 'n kind los van sy hele volks- en kerkverband en deur 'n vreemde medium, selfs in die aanvangstadium. Deur so 'n moderne onderwysstelsel soos in Rhodesië gehuldig, word nie alleen die gewetensoortuiging van 'n kerk en volksgroep wat nog vra na die Wil van God in enige toetsingsreg, meedoënloos vertrap nie, maar word ook aan die grondbeginsels van die hele moderne onderwys geweld, en onder die skyn van 'n "liberal education", 'n gewetenlose onreg die Afrikaanse kind aangedoen.

VII.

Vir die werklike gesonde toepassing van die moderne onderwys, immers van enige elementêre vorm van onderwys, moet daar teruggegaan word tot die grondbeginsels van die opvoeding. Meer bepaald veronderstel dit sekere voorvereistes vir die Afrikaanse gemeenskap in Rhodesië, die belangrikste waarvan is dat die Afrikaanse volksdeel en skoolbevolking in Rhodesië erken sal word as 'n aparte volksgroep wat sy eie identiteit moet behou en reg het, kragtens sy historiese aandeel aan die ontwikkeling van Suid-Afrika en Rhodesië, kragtens sy hoë roeping en kragtens sy numerieke minderheid, op aparte behandeling in die onderwys. Verder ook dat die N.G.Kerk in sy bemoeiing met die onderwys, wat hy nimmer aan sy lot mag oorlaat nie omdat sy hele voortbestaan ten nouste met die skool saamhang, kragtens sy Institutêre vorm, kragtens sy optrede as draer van die Volksroeping in die verlede in Suid-Afrika, en kragtens sy aandeel wat hy gehad het aan die onderwysontwikkeling van Rhodesië en die Afrikaanse kind, erken en geken sal word.

Die eerste vereiste vir 'n billike oplossing is die verandering van 'n archaïese wetgewing wat in 'n vlaag van 'n grootskaalse verengelsingsmania, na die verowering van die Suid-Afrikaanse Republieke en na die dood van Rhodes, bepaal het dat Engels die enigste medium van onderwys in Rhodesië sou wees. Hierdie wetgewing wat die internasionale reg soos dit deur die Volkerebond, waarvan Rhodesië via Engeland 'n lid was, bepaal is, self verkrag het, regverdig homself nie omdat hy hom in sy interpretasie en regulasies weerspreek en in sy opstelling nie met die elementêre beginsels van wetsbepalings rekening gehou het nie.

Daar moet in Rhodesië soos in alle ander lande van die wêreld die geval is, net een medium van onderrig wees, en dit moet die moedertaal wees. Wetenskaplikes is dit oor hierdie saak almal eens, en

sels die Rhodesiese owerheid en die Engelse staatsver-
slae, soos die Hadow- en Spens-rapporte, het herhaaldelik
bevestig dat dit onwenslik is om die tweede taal te
vroeg en selfs in die laerskool in te voer.

Terwyl daar nog onsekerheid is presies
wanneer die tweede taal moet ingevoer word, is die
Afrikanerkind bereid om die weg wat die minste aanstoot
sal gee, te volg en reeds die tweede taal, Engels, as
vak by die begin van sy skoolloopbaan te leer, as hy
maar net die voorreg kan geniet om te deel in die ge-
lykberegting wat in die staat veronderstel word, as
hy maar net die reg kan geniet om te deel in die grond-
waarhede van die opvoeding wat veronderstel dat hy in
die moedertaal sy aanvangsonderwys kan begin.

Daardour sal nie alleen 'n groot onreg
van die Afrikaanse kind verwyder word nie, maar sal die
Afrikaner wat deur die jare 'n minderwaardigheidskom-
pleks begin opbou het, selfvertroue ontwikkel en 'n
beter burger van die staat wees. Maar hy sal ook 'n
beter Afrikaner wees omdat hy nie langer 'n negatiewe
stryd moet stry nie, maar sy beste kragte aan die uit-
voering van die volksroeping sal kan wy. Hy sal ook
'n beter lid van sy kerk wees en die N.G.Kerk in Rhode-
sië sal ook groei en nie sy lede verloor deur die an-
gliciseerproses waardeur die Afrikaanse kind vreemd staan
teenoor sy Bybel en sy Kerk, en eindelik ook gevaar
loop om vreemd teenoor sy Skepper te staan nie. Laas-
genoemde gevaar is geen hersenskim nie en wanneer dit
gebeur, verloor die Afrikaner die Roeping waarkragtens
hy in die Suidhoek van Afrika geplaas is, en sal hy
die weg van die ander Europese beskawings wat in Afrika
gearbei het, opgaan.

VIII.

Die N.G.Kerk as die een instelling waarom
die Boerevolk hom nog steeds geskaar het, mag in sy
taak om te waak vir die gees van die opvoeding van die
Afrikaanse kind as sy dooplidmaat, nie tevrede wees met

die proteste van die verlede en die wanhoopsmaatreëls van die hede nie. Laasgenoemde sluit veral in die heroïese poging om die Daisyfield-Tehuis te behou, en uit te brei. Die jongste stappe van die Kerk om die Tehuis na Salisbury te verskuif waar byna £100,000 aan geboue ensovoorts bestee sal word, dui aan dat die Afrikaners gewillig genoeg is om tot die onderhoud van enige volksskool in 'n ruim mate by te dra.

Hoewel hierdie Inrigting in sy gees positief christelik-nasionaal is, veral omdat die Direksie nog die reg het om onderwysers te benoem en die inrigting te beheer al dra die staat die onderwyskoste, is die medium nog soos deur die Wet bepaal en dus loop ook hier die waardevolste van alle opvoeding gevaar om vir die kind verlore te raak.

Hierdie gevaar van 'n vreemde medium het die kerkraad van Bulawayo probeer beveg deur 'n Afrikaansmedium laerskooltjie (eenpersoons) in 1938 te Bulawayo te open. Ook van Ringsweë word pogings aangewend om deur middel van beurse een of meer verdienstelike leerlinge na die Unie van Suid-Afrika vir middelbare opleiding aan Afrikaanse skole te stuur. Intussen stuur sommige vermoënde ouers hul kinders in ieder geval na die Unie.

Al hierdie maatreëls is egter van 'n tydelike en onbevredigende aard. Daisyfield (of Bothashof) is nog Engelsmedium, die "kerkskooltjie" te Bulawayo is van liefdadigheidsbydraes afhanklik, die beursstelsel tree eers in werking na die laerskoolperiode wanneer die "kwaad" klaar gedoen is, en dieselfde is die geval met die kinders wat na die Unie gaan.

Daarom bly daar geen ander weg oop as dat die N.G.Kerk sal aantoon - selfs al moet dit wees soos die klaer by die onregverdige regter - dat geen vraagstuk van openbare belang groter is as die regte opvoeding van die Afrikaanse kind nie, en sal besef dat geen ander vraagstuk so sy gedurige en ernstige gebede is as

juis hierdie lewensbelangrike nie dat die Gees van God so die wetgewers van die land sal lei dat die onreg wat die Afrikaanse kind aangedoen word, verwyder mag word. Daartoe is hy self gereed om in elke opsig saam te werk om 'n finale oplossing van die opvoedkundige moeilikheid te verkry, so ver hy maar kan en dit in ooreenstemming is met daardie heilige beginsels wat die kerk nooit mag prysgee nie, omdat hul aan God behoort en nie aan die kerk of die gemeenskap om weg te gee nie.

Die N.G.Kerk is dan allesins geregverdig in sy eis dat, omdat Afrikaanse ouers in alle dinge gelyk is aan hulle Engelse landgenote, as belastingbetalers, as burgers, as onderdane van dieselfde Soewerein, as deelgenote van al die voorregte en laste van dieselfde staat, hulle die reg sal besit - in alle billikheid - om hulle kinders minstens in die laerskole van die land in ooreenstemming met hulle gewetens, - godsdiens - en volksoortuigings op te voed.

Dit is seker nie nodig vir die N.G.Kerk om 'n gedetailleerde skema uit te werk nie, solank slegs tot die beginsel van moedertaalonderwys besluit word. Daarna sal die besonderhede wel deeglik nagegaan kan word. So leen sommige distrikte hul tot 'n 100 persent Afrikaanse skole, terwyl in ander distrikte daar so weinig Afrikaanse kinders is dat indien 'n parallelle klas onmoontlik is, die kinders beter daar aan toe sou wees indien hulle na Afrikaanse skole elders gestuur word, en mutatis mutandis dieselfde met die Engelse kinders gebeur.

Die kern van die saak is, dat die staat die inisiatief moet neem in die aanwysing van sulke skole, wat nie veel ekstra onkoste sal meebring nie, en waarvoor die Afrikaner, wat volgens sy geloofsbelydenis nie aan 'n absolute vrye skool glo nie, as daar ekstra koste verbonde sou wees, wel gevind sal word om sy bydrae, soos in die geval van Daisyfield en die Bulawayo-kerkskooltjie, te lewer.

Die kern van die saak is dat daar in Rhodesië 'n Afrikaanse Onderwysinstituut, op behoorlike grondslag gekonstitueer, tot stand sal kom wat op on-dubbelsinnige wyse die standpunt van die Afrikaanse ge-meenskap kan stel en ook tot liggaam kan dien met wie die Departement sal kan onderhandel.

Veral nog in die loodsing van so'n Insti-tuut sal die N.G.Kerk die leiding moet neem voordat hy hom meer bepaald toelê op die suiwer "kerklike" taak wat hom deur Christus opgelê is, en wat hom in staat sal stel om die volk te lei en voor te lig, in die groot Roeping van die "beskawing" van Suid-Sentraal-Afrika deur die blanke, op die voorposte waarvan die Afrikaner en sy kerk in Rhodesië geen geringe taak het om te ver-vul nie. In die oë van God nóg van die mens sal die N.G.Kerk en die volk wat hy verteenwoordig ooit enige skuld hê wanneer hulle met daardie doel voor oë, hul eise so hoog moontlik op onderwysgebied stel, sowel as wanneer hulle, so eenvoudig moontlik, "most readily ting to others that which they can conscientiously ac-cept, ask a like concession for themselves."¹⁾

1) Riley e.a.: The Religious Question in Public Educa-tion. 260.